# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/16) (Follow me on justchad_cga)

Justin Chadwick 3 Junie 2016

***"With self-discipline all things are possible" Theodore Roosevelt***

**"INTER CITY" PRET DRAF**

Baie geluk aan almal wat aan die Comrades Marathon, 90 uitmergelende kilometers, tussen Pietermaritzburg en Durban deelgeneem het. Derek Donkin, SUBTROP uitvoerende hoof, het die wedloop in 'n prysenswaardige 8 uur 42 voltooi; Vijan Chetty van PPECB het sy 10de Comrades voltooi en so sy groen nommer verseker. Baie geluk aan dr Boitshoko Ntshabele, ons Landbou Attache in Brussel wat in die Europese winter moes oefen om slaggerreed te wees verlede Sondag in Pietermaritzburg. Laat my asseblief weet van enige ander belanghebbendes in die vrugtebedryf wat deelgeneem het.

**EERSTE "BULK REEFER" VIR 2016 MET SUIDER-AFRIKA SE SITRUS ARRIVEER IN ST PETERSBURG (Mikhail Fateev)**

Verskaffing van vars vrugte vanaf Suid-Afrika na Rusland het in 1992 begin na die vestiging van diplomatieke betrekkinge tussen ons lande. Danksy die geografiese ligging, ding die oes van vrugte in Suid-Afrika nie mee met die produksie van vrugte in Rusland nie, die teendeel is egter waar – dit dra by tot die verbruiker se mandjie van Russiese vars vitamien produkte in die winter en lente maande wanneer die aanvraag hoog is. Sitrusvrugte word nie in Rusland verbou nie, nogtans bly dit een van die basiese produkte vir 'n gesonde leefstyl, veral belangrik vir kinders en siekes. Gedurende die afgelope 24 jaar het vrugte van Suid-Afrika 'n sterk posisie as deel van die rantsoen van die Russe ingeneem. Die Russiese mark ontvang 10-12% van vrugte wat vir uitvoer in Suid-Afrika geproduseer word. Dit is hoofsaaklik sitrus (lemoene, pomelo's, suurlemoene, mandaryne), sowel as tafeldruiwe, pere, appels, pruime. Die afgelope tyd voer Rusland ook eksotiese vrugte soos mango's en avokado's van die RSA in. Vrugte het 'n belangrike item van Suid-Afrikaanse uitvoere na Rusland geword en maak byna 30% van die omset tussen ons lande uit. Dit beteken dat die samewerking tussen ons lande in dié sektor werk en salarisse aan byna 'n miljoen Suid-Afrikaanse landbou-werkers verskaf. Aan die ander kant maak hoë kwaliteit en bekostigbare Suid-Afrikaanse vrugte byna 'n kwart (in sitrus, byvoorbeeld) van die vrugtemandjie van miljoene Russiese families uit. 'n Belangrike mylpaal vir die bevordering en verbetering van bilaterale verhoudinge is 'n ooreenkoms wat tussen die Presidente van die Russiese Federasie, Vladimir Poetin en van RSA Jacob Zuma in Augustus 2014 bereik is, om voorrade van vrugte vanaf Suid-Afrika na Rusland te verhoog. Sodanige ooreenkoms het 'n spesiale betekenis in die konteks van sanksies en in die beperkinge in hoeveelhede van vars produkte vanaf die EU lande.

Die skip "Baltic Heather" van die maritieme maatskappy "Baltic Shipping" wat in St Petersburg gebaseer is, sal na verwagting in die hawe van St Petersburg op 26 Mei arriveer. Dit sal die eerste direkte skip met vrugte direk vanaf Suid-Afrika vir die seisoen van 2016 wees. Die skip sal 3000 ton van verskillende vrugte, sitrus, pere, tafeldruiwe vir die Russiese bevolking vanaf vriendelike Suid-Afrika bring.

'n Afvaardiging van die Suid-Afrikaanse ambassade in Moskou het aangekom om die eerste besending van vitamien produkte te ontvang onder leiding van Isaak Nyanisso Miti, Minister-Adviseur van die Ambassade, sowel as die toonaangewende Suid-Afrikaanse TV-joernalis Tumelo Motothoane en die Hoof van die voedsel en landbou-afdeling van die Russiese-RSA "Business Council", Mikhail Fateev.

## NASIONALE LANDBOUBEMARKINGSRAAD (NLBR) VRA KOMMENTAAR OP DIE SITRUSBEDRYF SE AANSOEK VIR DIE VOORTSETTING VAN STATUTêRE MAATREëLS

Op Vrydag 27 Mei is Kennisgewing 299 van 2016 deur die NLBR uitgereik, wat vir kommentaar en insette van rolspelers in die bedryf vra ten opsigte van die CGA se aansoek om 'n heffing op uitvoer-sitrus te administreer. Dit volg op 'n proses van strategiese beplanning deur die CGA Raad, en die aanbieding van die nuwe heffingsvoorstel aan produsente tydens die CGA road shows in Februarie en Maart 2016. Die kennisgewing is aan alle produsente op die CGA se databasis op 30 Mei 2016 gestuur. Enige rolspeler wat 'n afskrif van die kennisgewing verlang kan Gloria Weare by gloria@cga.co.za kontak. Neem asseblief kennis dat kommentaar voor of op 10 Junie 2016 ingedien moet word.

**"VERIFIED GROSS MASS (VGM) OF CONTAINERS: SPERDATUM VIR SAMSA CERTIFICATION COMPLIANCE IRO WEIGHING METHOD 2 (vanaf Mitchell Brooke mitchell@cga.co.za)"**

Die SOLAS vereiste om die bruto massa (VGM) van houers voor aflewering by die hawe terminale te verifieer, is 1 Julie 2016. Alhoewel die TPT die VGM op die 27ste Junie gaan implimenteer. As die metode om die bruto massa van die houer te bereken gedoen gaan word deur gebruik te maak van die somtotaal van die massas van palette wat geweeg is óf by die pakhuis of by die houer verpakking fasiliteite (bv koelkamers) dan word dit geklassifiseer as metode 2 van die SOLAS / SAMSA regulasies. Daarom, soos vereis, sal die weegmetode deur 'n SAMSA geakkrediteerde agentskap geverifieer moet word. Die sperdatum vir die regulering is slegs 3 weke weg en daarom is dit van kardinale belang dat produsente of pakhuise kontak met die onderskeie uitvoeragent/e en/of verskepingsagente moet maak om die verifiering van die proses en nakomingskriteria so gou as moontlik te bekom indien 'n oudit nodig is om die weegproses te verifieer. Sodra die oudit-kriteria ten volle in werking gestel is, sal die uitvoerder en / of verskepingsagent 'n verifieringsagentskap moet aanstel om die kriteria te oudit om te bevestig dat die massa van palette wat geweeg is en aangeteken is vir VGM doeleindes voldoen aan die SAMSA vereistes. Daar is voldoende kommunikasie aan uitvoerders en verskepingsagente versprei rakende die behoefte om die massas van houers te verifieer in terme van die SOLAS / SAMSA vereistes. As uitvoerders en verskepingsagente vereis dat pakhuise palette weeg vir hierdie doel dan moet die toepaslike oudit kriteria so gou as moontlik in plek wees, sodat die verifiering van die weegproses geoudit kan word voor die implementeringsdatum van die regulasie.

**GEPAK EN VERSKEEP**

Die Pomelo Fokusgroep het die afgelope week vergader en hul skatting na die oorspronklike skatting verander - met die Limpoporivier streek wat klaar gepak het en effens meer as die aanvanklike skatting is. Die Suurlemoen Fokusgroep het vergader en hul voorspelling onveranderd gelaat.

| Tot einde Week 27/5/16 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 10.5 m | 9.1 m | 6.1 m | 5.2 m | 3.6 m | 12.4 m | **12.4 m** | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 3.7 m | 4 m | 5.2 m | 2.9 m | 3.9 m | 11.2 m | 11.3 m | 10 m |
| Suurlemoene | 5.3 m | 6.4 m | 7 m | 5.1 m | 6 m | 16.1 m | 16.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 3.5 m | 4.1 m | 6.3 m | 1.7 m | 3.6 m | 25.1 m | 25 m | 24.5 m |
| Valencias | 0.3 m | 0.2 m | 0.2 m | - | 0.2 m | 46.4 m | 46.4 m | 52.7 m |
| Totaal | 23.3 m | 23.8 m | 24.8 m | 14.9 m | 17.3 m | 111.2 m | 111.2 m | 118.3 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**